

### Sing vooraf: Psalm 4:3 (p. 15)

- 3 Wil jul aan Hom 'n offer gewe? / Die offer wat die HEER aanskou,  
is in opregtheid reg te lewe, / en Hom alleenlik aan te klewe, / op Hom alleen jul hoop te bou.  
Hoe baie vra terneergeboë: / Waar vind ons ooit die ware goed?  
Verhef oor ons u Vaderoë, / sien op ons neer in mededoë, / verlig ons hart en ons gemoed!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

### Lofpsalm 33:7 (p. 159)

- 7 Die HEER wat bo die wentelkringe / van son en maan sy rykstroon stig,  
aanskou die mense<sup>n</sup> en alle dinge – / daar's niks bedek voor sy gesig.  
Uit sy vaste woning / waar Hy heers as Koning, / sien Hy, Skepper-HEER,  
uit oneindig hoë / blou-deurglansde boë / op sy skepsel neer.

### Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

### Skrifberyming 1-2:1, 2 (nuut)

- 1 Prys Hom, die Hemelvors, op sy verhewe troon;  
loof Hom aan wie die hemelkoor hul hulde steeds betoon.  
Aan Hom, die Skepperheer, kom toe die eer en mag.  
Sy Woord het alles voortgebring – roem ewig sy gesag.
- 2 Loof Hom, die Lam van God, want Hy's vir ons geslag.  
Hy het ons met sy bloed gekoop; besing sy reddingsmag.  
Uit elke stam en taal het Hy ons vrygemaak;  
sy koninkryk, sy priesterdom – dit het Hy ons gemaak.

### Skriflesing: 2 Korintiërs 6

Teks: 2 Korintiërs 6:18 Kategismus Sondag 9.

**. . . en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees,  
spreek die Here, die Almagtige . . . (2 Korintiërs 6:18 AFR1953)**

In die Kategismus is daar 'n vraag wat so begin: “*Wat glo jy as jy sê . . .*”

- Dit gaan hier om geloof.
- Die vraag wat ons onself hier afvra, is nie wat ons mening of ons gedagtes is oor wat God die Vader, die Almagtige, is nie,
- óf oor watter teorie ons het oor sy skeppingswerk nie.

Dit gaan om jou persoonlike geloof.

- Daarom is die antwoord – en die belydenis, so persoonlik: “Ek glo . . .”

Uit die oogpunt van die teologie is daar ’n paar soorte van geloof.

- Maar dié wat op hierdie saak betrekking het, is ’n ware geloof of ’n valse geloof. Net die twee.
- Daar is ’n geloof waar die persoon weet wat die waarheid is, maar hom nie daaraan steur nie.
  - Dit is die geloof wat die satan en sy engele het.
    - Hulle weet en glo dat God die Almagtige Vader die hemel en die aarde geskape het.
    - Maar hierdie wete werk geen ontsetting by hulle nie.
    - Hulle weet en glo alles, maar hulle steur hulle so min daaraan dat hulle selfs kans sien om met God te stry, om te kyk of hulle sy koningskap van Hom kan afneem.
  - En elkeen wat met hierdie belydenis nie glo dat die aarde en alles daarop deur God se skepping voortgebring is nie, staan in hierdie ry agter die satan.

My saligheid en julle saligheid hang ten nouste saam met ons geloof – van dit wat ons glo van God.

- As ek God nou nie kan sien en bely as die begin van alle dinge nie, hoe kan ek dan glo in ’n lewe na die dood?
- As God nie die begin is nie, hoe kan Hy voorsien vir ’n lewe na die dood?
- Hoe kan God “my God en my Vader” wees as ek hierdie dinge nie reg glo en bely nie?  
**. . . en Ek sal vir julle ’n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige . . .** (2 Korintiërs 6:18 AFR1953)

Die betekenis van hierdie gedeelte van die Skrif en van ons belydenis is dat dit onder andere die liefde van God die Vader aan ons beklemtoon.

- In die feit dat alles deur Hom ontstaan het, lê dus ook die feit van my eie bestaan ingebed.
- En die feit dat Hy dit steeds onderhou, verseker nie net my tydelike voortbestaan nie, maar ook die versekering dat Hy in liefde vir my die ewige verlossing bewerk uit die sonde en die hel.

God het sy volk lief.

- Dit beteken dat Hy jou liefhet.
- Daarom het Hy by die skepping, toe Hy sy raad opgestel het, daarin ’n verkiesingsbesluit vasgelê (Efesiërs 1:4, 5).

En selfs toe ons pas na die skepping van God af weggebreek het, het God die Vader se liefde voorsien dat ons nie aan onself oorgelaat word nie.

- Hy het dit toe so in sy raad vasgestel dat ons verlos sou word van die duiwel.
- Hy kondig ook dadelik aan dat Een uit die saad van die vrou die slang se kop gaan vernietig.
- Hierdie belofte is daadwerklik deur God vervul.

Hy het sy Seun Jesus Christus gestuur om die duiwel op die aarde te kom neerwerp.

- Daarvoor moes die Here Jesus Christus die dood ingaan om daar persoonlik met die satan ’n stryd te voer.
- Hy het dit gedoen en die satan se mag hom ontnem toe Hy lewend uit die dood opgestaan het.
- Maar dit was meer as net ’n oorwinning oor die dood. Die Here Jesus Christus het ons met daardie handeling met sy bloed en sy lewe teruggekoop van die satan en van sy mag.

Deur hierdie verdienste van die Seun van God is ons aangeneem tot sy kinders.

- Dit is waarom ons weer die reg het om te praat van “Ons Vader wat in die hemele is”.
- So openbaar die Here Hom dan ook aan ons in die Bybel – en nie net in die Bybel nie, maar ook in die sakramente waar sy verbond en dood aan ons bevestig word: Hy is **Ons Vader** wat sy onbeperkte liefde om ons vou.

Dit is waarom ons belydenis ons liefde vir God uitjubil:

- Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.
- Ek glo in die almagtige God wat die hemel en die aarde geskape het tot sy eer – die Vader wat sy almag in sy skepping geopenbaar het sodat ons daarop mag woon.
- Hy het die hemel vir Hom en sy engele voorberei, en daarmee saam hou Hy die aarde in stand.

Dit is waarom die titel **Almagtige** ingesluit is in ons belydenis.

- Juis die feit dat God geskape het, bevestig sy almag.
- Dit is nie ons belydenis wat Hom almagtig maak nie, maar ons word deur sy werke daartoe gedwing om sy almag te bely.

Verder ken ons ook die almag van God uit sy Raad, want hierin word ons geleer dat God planmatig die gang van die geskiedenis en die skepping vasgestel het, en dat alles presies so gebeur.

- Dit leer ons dat daar geen mag is wat die raad van God kan keer of verander nie.
- God beplan, want by die skepping van die mens word daar gesê: **Laat Ons mense maak na ons beeld en ons gelykenis. Ons.**
- Die feit dat God hier beplan, leer ons dat God alles selfs voor die skepping beplan en vasgestel het sodat dit tot in ewigheid kan vasstaan.

*Hierteenoor staan ons. Nie net sonder almag nie. Heeltemal onmagtig.*

- Ons kan niks skape nie.
- Ons kan nie lewe gee nie.
- Ons kan nie eers die skepping bewaar soos God ons beveel het nie.

Daarom is die almag van ons God vir ons so 'n geweldige troos.

- Hierdie goddelike mag ruk my uit die sonde uit.
- Dit sal my aan die einde van die tyd ook liggaamlik weer tot lewe beveel.
- Hierdie almag sal my deur die ewigheid op die nuwe aarde behou.
- Hierdie goddelike almag maak my 'n kind van God – terwyl ek self nie in staat is om dit in eie krag te word nie.

Maar, daar is ook 'n gevaarpunt in hierdie belydenis van ons. Ons lewens is dikwels so lelik dat dit duidelik is dat ons van die almag van God vergeet.

- Moedswillig leef ons baie keer die kwaad uit en ons negeer die feit dat God dit nie duld nie.
- Ons kamp God en die satan saam in met 'n lewe waar ons bely dat ons Christene is, maar soms alles behalwe leef soos dit Christene betaam.
- Ons maak asof God ons moedswilligheid nie kan en ook nie sal straf nie.

In hierdie gedeelte wat ons gelees het, vra Paulus aan die Grieke wat in Korinte bly, hoe op aarde hulle dit kan regkry om met die een hand aan God vas te klou en met die ander hand aan die sonde.

- Hy sê dat dit tog onmoontlik is dat God 'n bondgenootskap met die satan kan aangaan.

- Dit beteken doodeenvoudig dat dit onmoontlik is vir 'n gelowige kind van die Here om soos die wêreldmense te lewe.

As ons dan bely dat ons glo in God die Almagtige Vader en Skepper van die hemel en die aarde, moet ons na onself kyk en sien of ons leef en lyk soos mense wat aan hierdie God behoort.

- Die almag van God – en sy liefde – beteken nie dat Hy net altyd aanhou om verdraagsaam te wees teenoor die sonde nie.
- Want die almag van God het nog 'n kant – dié kant waarvan ons gewoonlik in ons sondes nie wil hoor nie: Dit is die oordeel van God.

Die almag van God het baie te sê oor die eindoordeel!

- Dit is die almag van God wat die duiwel en die dood en die doderyk saam met almal wat teen God gesondig het, en geen berou daarvoor het nie, in die ewige hel gaan werp.
- Dit is die almag van God wat hierdie toestand van die ewige dood oor hierdie mense en engele met Satan as die hoof gaan beseël tot in ewigheid.
- Die almag van God verseker dat daar vir hierdie mense geen verlossing ooit moontlik sal wees nie.

Is ons belydenis opreg? Is daar 'n eenheid tussen ons belydenis en ons daaglikse lewe? Bely ons God en getuig ons lewe dat ons Godskinders is wat die wêreld versaak?

- Bely jy byvoorbeeld dat jy jou onderwerp aan die gesag wat God oor jou stel, maar jou lewe bewys dat jy opstandig is teen jou ouers? Of is jy revolusionêr in opstand teen ander gesagstrukture?
- Of jy dink in die gesag wat jy uitoefen, baie min, of glad nie, aan die eise wat God aan jou stel nie?
- Of bely ons God as die hoogste gesag, maar ons lewe getuig dat ons hoogmoed nie vir God of enige mens bestaansreg bo ons gun nie?
- Of bely ons die liefde van God, en bely ons dat ons ons naaste hulle sondes teen ons vergewe, maar ons onverdraagsaamheid en snedigheid teenoor die mense wat met my saamleef, getuig van die teendeel?

Dan leef jy nie die beeld van God die Vader uit nie. Nie sy beeld van liefdebetuiging nie. En ook nie sy beeld van genade nie.

Waar jou lewe is, is jou hart en jou werklike geloof. Dit kan ook nie anders nie.

- Moet jousef dus nie probeer wysmaak dat, al getuig jou lewe miskien van die wêreld en van sonde, jou geloof inderwaarheid by God die Vader is nie.
- Dit is nie moontlik dat die Almagtige op 'n skynheilige wyse aanbid kan word nie.

Verloën die wêreld. Dien God die Almagtige Vader, die Skepper van hemel en aarde na die heel beste van jou vermoëns, sodat jou belydenis en uitlewing daarvan getuig.

Want God wil vir jou 'n Vader wees, en dan sal julle vir Hom seuns en dogters wees.

Die Skepper kyk na jou. Die Vader versorg. Die Almagtige skenk aan jou die ewige lewe.

Kom ons lees saam wat daar van al hierdie dinge in die Heidelbergse Kategismus Sondag 9 geskryf staan:

**Vraag 26: Wat glo jy as jy sê: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde?**

**Antwoord:** Ek glo dat die ewige Vader van ons Here Jesus Christus wat die hemel en aarde met alles wat daarin is, uit niks geskep het (a) en deur sy ewige raad en voorsienigheid nog onderhou en regeer (b), ter wille van sy Seun Christus my God en Vader is. (c) Op Hom vertrou ek so dat ek nie daaraan twyfel dat Hy my, met alles wat vir liggaam en siel nodig is, sal versorg nie (d). Hy sal ook al die kwaad wat Hy in hierdie jammerdal oor my beskik, tot my beswil verander (e), omdat Hy dit as 'n almagtige God kan (f) en ook as 'n getroue Vader wil doen (g).

(a) Gen 1 en 2; Eks 20:11; Job 33:4, 38, 39; Hand 4:24; 14:15; Ps 33:6; Jes 45:7. (b) Heb 1:3; Ps 104:27-30; 115:3; Matt 10:29; Ef 1:11. (c) Joh 1:12; Rom 8:15; Gal 4:5-7; Ef 1:5. (d) Ps 55:23; Matt 6:25, 26; Luk 12:22. (e) Rom 8:28. (f) Jes 46:4; Rom 10:12. (g) Matt 6:32, 33; 7:9-11.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 103:7 (p. 505)

7 Geen vader wat, deur smartgevoel bewoë, / sy kind aanskou met teerder mededoë  
as Isr'els HEER die wat Hom eer en vrees. / Hy weet wat van sy maaksel is te wagte,  
hoe swak van moed, hoe klein ons is van kragte, / en dat ons stof van jongs af is gewees.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 29 Maart 2009